Teïsme of panenteïsme

Eric Kayayan
Gereformeerde Kerk Rietvallei

Kan die mens God deur middel van menslike vermoëns waarlik leer ken?

Hansie Wolmarans se artikel ("Hemelse stories met aardse betekenisse", *Woord & Daad* No. 380), en in besonder sy pleidooi ten gunste van panenteïsme, het die volgende gedagte by my laat opkom: Christene en agnostici stem darem oor een punt ooreen, naamlik dat die mens deur sy eie vermoëns God – of goddelikheid – nie werklik kan ken nie. Gesien vanuit 'n Christelike oogpunt, kan enige natuurlike teologie – dit wil sê 'n teologie wat die mens se selfstandige rede as enigste vertrekpunt neem – net 'n mislukking wees en die objek van sy soektog mis. So 'n kennis bly heeltemal buite die mens se bereik. Verder as die *sensus divinitatis* kan hy nie gaan nie, hoe sterk hierdie gevoel dat daar iemand daar buite (of binne) die skepping is, ook al mag wees. Maar die mens kan nie anders as om te bly soek nie. Die verstaanbaarheid van die werklikheid in en rondom hom dwing die mens om altyd te soek na 'n hoër intelligensie wat die kosmos ontwerp het en dit steeds onderhou ('n goeie voorbeeld hiervan is dit wat Albert Einstein oor wetenskap en religie geskryf het). Tog kan die mens nie met so 'n wese kontak maak nie, hoe intens sy pogings ook al mag wees. Dit is asof die objek van sy soektog altyd onontkombaar voor hom staan, maar terselfdertyd in 'n newel gehul is. Noodgedwonge deur sy eie verstaanbaarheid en rasionaliteit (waarvan wetenskaplike navorsing getuig), kan die mens nie anders nie as om die verstaanbaarheid van die kosmos telkens aan 'n persoonlike en selfstandige wese toe te skryf. Natuurlik is daar 'n eb en vloed in hierdie erkenning, en alles wys daarop dat ons vandag in Suid-Afrika met 'n duideliker waarneembare eb in dié opsig te doen het. Een van die redes hiervoor is dat die perspektief dat daar iets groters as die werklikheid is, mense met angs en benoudheid vervul, omdat dit een of ander vorm van persoonlike kontak met so 'n alomteenwoordige wese impliseer – iets wat uiters ongemaklik kan wees. Vandaar die versoeking om die selfstandigheid van die hoër wese te "verdun" en orals verspreid in die materiële wêreld (dit maak so 'n wêreld minder persoonlik en ook minder intimiderend). Dit lei ons ook na religieuse denkstrominge soos die panenteïsme waarvan Wolmarans praat.

God en wêreld

Wolmarans skryf: "*Ons kry 'n beeld van God wat binne die skepping met weerspannige materiaal werk om iets positief tot stand te bring. God gryp nie 'van buite af' in die skepping in nie*". In H.G. Stoker se artikel "God (Theos) en die Wêreld (Kosmos)" wat in 1937 vir die eerste keer verskyn het, praat Stoker van panenkosmisme eerder as van panenteïsme om so 'n posisie te tipeer:

> Vir hierdie wysgere is alles Kosmos, realiteit van die soort, wat ons omring. Maar in die kosmos is daar ewolusie, vooruitgang na beter tye, na hoër trappe. Hierdie vooruitgang word toegeskryf aan hoëre en wel 'n goddelike beginsel of waarde, 'n goddelike dryfkrag, 'n 'divine urge' of 'n 'directing power'. (…) God is hier 'n kosmiese faktor, 'n aardse krag, 'n natuurbeginsel, wat grotendeels afhanklik van die res van die kosmos tog as 'n relatief 'hoëre beginsel' die Kosmos vooruit help, vorentoe beur. *Panenkosmisme* beteken: alles, ook God is in en van die kosmos (*Oorsprong en rigting*, 1970:14).

Steeds volgens Stoker (1970:10), is die Pan*en*teïsme "die leer dat alles, die hele kosmos, in God is (nes my liggaam tot my

persoon behoort), maar dat God tog meer is as die Kosmos (nes my persoon meer is as my liggaam).” Vir die Panteïsme “bestaan daar net een realiteit en dit is God. Hierdie God-realiteit kan by nader bepaling met die rede of die denke geïdentifiseer word, of anders met die natuur, of met die lewe, of met sedelikheid, of met skoonheid, of met die wil, of met die idee, ens.” (Stoker, 1970:12).

Sintese tussen God en kosmos: die implikasies

Wat is dan die implikasies van soortgelyke denkstromings wat op verskillende maniere ’n sintese probeer maak tussen die wese van God en dié van die kosmos? Ek sonder twee implikasies uit.

- Die eerste implikasie (*epistemologies* van aard) het betrekking op ons kennis van die kosmos: daar word geglo dat as gees en materie in alle of talle opsigte een en dieselfde ding is, daar rekenskap gegee kan word van die verstaanbaarheid van die kosmos, wat dan selfaangedrewe is**.**
- Die tweede implikasie is *eties* van aard: met so ’n sintese word dit vir die mens nie meer nodig om vir “iemand” anders verantwoordelik te wees vir die koers van sy lewe, sy dade en sy besluite nie. Die mens voel eintlik bevry van enige toerekenbaarheid voor ’n God wat buite staan en tog by sy skepping betrokke bly. In plaas van ’n persoonlike God wat vir die mens rekenskap van sy keuses kan vra, hom kan oordeel en straf (soos bv. in Genesis 3), is die mens self en alleen teenoor homself aanspreeklik (sterre, klippe, bome en diere kan mos nie die mens bevraagteken, dagvaar of oordeel nie).

Christene én agnostici deel die oortuiging dat die mens God nooit waarlik deur sy eie vermoëns kan ken nie.

Maar soortgelyke religieuse denkraamwerke (panenkosmies, panteïsties of panenteïsties) kan ernstig bevraagteken word en kan gevra word of die woord “God” nog enige sin het, en selfs steeds deel van ons woordeskat behoort te bly. Oor meer as die sigbare wêreld, die natuurwetenskaplike wette en die mens se eie waarnemings of gevoelens kan ons eintlik niks sê nie (tensy ons sommige elemente van die natuur tot duidelike(r) vorme van goddelikheid verhef).

God, wat buite die kosmos is, is tog naby sy skepping.

Goddelike openbaring versus natuurlike teologie

Ek het begin deur te sê dat Christene en agnostici die oortuiging deel dat die mens God nooit waarlik deur sy eie vermoëns kan ken nie. Die punt waarop agnostici en Christene egter radikaal verskil, is die absolute ontoeganklikheid – al dan nie – van so ’n kennis. Christene bely dat dié soort kennis wel moontlik is – nie deur middel van een of ander vorm van natuurlike teologie nie, maar slegs as God Homself aan die mens openbaar. Dit is eintlik die grondslag van hulle teïstiese geloof en wêreldbeskouing. Daarom is dit nodig om iets hieroor te sê: Christene glo dat God Homself deur die eeue geopenbaar het, in besonder in die persoon van Jesus Christus. Vanselfsprekend dra hierdie openbaring die teken van verskillende historiese, kulturele en linguistiese kontekste. Die merkwaardige bly egter die sinvolle eenheid van die openbaringsinhoud. Op ’n genoegsame manier getuig hierdie ontwikkelende openbaringslyn van ’n universele aanspraak op ’n betroubare Godsbegrip. Een aspek hiervan is die deurlopende bewering dat God, wat buite die kosmos is, tog naby sy skepping bly, soos duidelik in die uitsprake van Jesaja 57:15: “*So sê Hy wat hoog en verhewe is, Hy wat ewig leef en wie se naam die Heilige is: Ek woon in ’n hoë en heilige plek en Ek is by hom wat verdruk en nederig is.”* Namate Christene in so ’n kennis groei en daardeur verlig word, word dit vir hulle al hoe duideliker dat enige toegang tot God sonder hierdie verligting heeltemal onmoontlik is. Saam met Paulus kan hulle met vreugde bely: “*God wat gesê het: Laat daar lig skyn uit die*

duisternis, het ook in ons harte 'n lig laat skyn om ons te verlig met die kennis van die heerlikheid van God, wat van Jesus Christus uitstraal" (2 Kor. 4:6). Christene se teïstiese geloof en wêreldbeskouing kan hoegenaamd nie buite die parameter van hierdie openbaring en geestelike verligting verstaan word nie.

Christene se teïstiese geloof en wêreldbeskouing kan hoegenaamd nie buite die parameter van die openbaring en geestelike verligting verstaan word nie.

In kontras hiermee kan dié wat op 'n vorm van natuurlike teologie steun, slegs in die donker rondtas en oor God spekuleer. In so 'n geval gaan dit soos iemand wat van die grond af probeer spring om die wolke te gryp, en vinnig op die grond val: die paar sentimeters wat hy bo die grond bereik, skiet heeltemal te kort om hom die wolke te laat raak.

Natuurlike teologie lei na die natuur toe, nie na God nie

Wat Wolmarans se panenteïsme (of panenkosmisme) betref, illustreer dit juis so 'n poging: sy *natuur*like *teo*logie (d.w.s. 'n teologie wat slegs uit menslike redenasies voortspruit, sonder dat enige vorm van gesagvolle en betroubare openbaring van God ter sprake kom) lei hom nie na God toe nie (die *theos* van teologie), maar slegs na 'n natuur waarin die goddelikheid orals ingebou is. Uiteindelik word die natuur met God self geïdentifiseer. Die natuurlike mens (wat *natuurlik* deel is van hierdie goddelikheid) speel dan die rol van bemiddelaar tussen al die goddelike aspekte van die natuur, deur een of ander vorm van morele verantwoordelikheid in te neem (hy word 'n nuwe tipe priester wat oor die kragte van die natuur beheer moet kry en balans handhaaf). Op die ou einde het *teo*logie *natuur*ologie geword. In so 'n opset is dit onafwendbaar dat ons na 'n nuwe tipe heidense godsdiens sal terugkeer, aangesien daar geen Skepper is wat buite die skepping bestaan nie. (Terloops, Wolmarans se gebruik van die woord "Skepping" terwyl hy 'n Skepper uitdruklik ontken, klink heel teenstrydig.) Hiermee vereenselwig Wolmarans hom tot 'n mate met ou heidense kosmogonieë van die Nabye en Midde-Ooste. In die Assiriese *Enuma Elisj* verteenwoordig die gode byvoorbeeld bestaande materie soos ondergrondse water of slik-afsettings, waaruit land en see later ontstaan. Aan die begin van hierdie mitologiese gedig is die wêreld basies soos 'n lewende wese, goddelik, asook in 'n konstante proses van uitbreiding. Merkwaardig genoeg (of is dit werklik so?), sien ons ook in die destydse teogonieë 'n hele ewolusionêre proses wat al hoe meer ontwikkelde gode na vore bring. Elke nuwe geslag gode oortref sy voorgangers in terme van wysheid, sterkte en persoonlikheid. Daar is ook gevegte tussen hulle wat deur die sterkste gewen word en die swakste uit die goddelike wêreld laat verdwyn. 'n Mens sou amper wou sê dat Darwin bloot 'n moderne *reïnkarnasie* van sulke kosmologiese sienings is … Juis in skerp kontras met al die destydse mitologieë en kosmogonieë, waarin die son en die sterre as goddelike wesens vereer is, neem Genesis 1 'n radikale standpunt oor God in. In dié opsig is die tweede gebod 'n bevestiging van Genesis 1, en bepaal dit wat ware aanbidding van God nie is of mag word nie (vgl. ook Deut. 4:15-19).

Nuwe Hervorming of nuwe verheidensing?

Laat ek my argument probeer opsom: As die vertrekpunt vir ware kennis van God nie meer God se selfopenbaring is nie, is dit onvermydelik om in 'n natuurlike teologie te verval, al sou 'n mens vir die beoefening van so 'n "teologie" op sommige aspekte van die Bybel berus. Dit is ook onafwendbaar dat 'n natuurlike teologie enige vorm van metafisika gaan verwerp, omdat dit nie in staat is om toegang daartoe te hê nie vanweë sy eie immanente, natuurlike vertrekpunte. Enige begrip van 'n transendente (= buite die heelal) God sal vinnig deur 'n verafgode natuur en mensdom vervang word: in 'n minder of meerdere mate word God en die natuur een. 'n Mens sal na die heidense

godsdienstige denke terugkeer, waar God en mens nie meer ontologies (= in hulle wese) onderskei kan word nie.

As die vertrekpunt vir ware kennis van God nie meer God se selfopenbaring is nie, is dit onvermydelik om in 'n natuurlike teologie te verval.

Die verafgoding van die staat en die politieke sfeer (deur hul verabsolutering) neem gewoonlik die sigbaarste en gevaarlikste gestalte van so 'n proses aan, omdat hierdie sfeer by uitstek die mag in homself konsentreer en die kollektiewe mensdom aan hom wil onderwerp. Die beste voorbeeld hiervan uit die verlede is die Romeinse keisers of ander antieke monarge wat as gode of semi-gode aanbid is, nie soseer ter wille van hul eie ego nie, maar ter wille van 'n absolutistiese staatsbegrip wat as inkarnasie van die natuur se goddelikheid beskou is. Deesdae is dit meer aanvaarbaar om goddelikheid aan die kollektiewe mensdom toe te skryf (dink byvoorbeeld aan die kommunistiese staatsbegrip). Die tendens van die moderne staat om aan al die behoeftes van sy onderdane te voorsien (soos in meer as een Europese land) bevestig ook sy aanspraak op goddelikheid. Sy taak word gesien as een van bevryding van nood en ellende. Die staat is verlosser en voorsiener. Soos 'n Franse psigoanalis onlangs geskryf het, die staat as *Big Brother* het *Big Mother* geword; die staat moet deeglik en moederlik vir haar kinders sorg (in Jesus se tyd het die heersers van nasies hulleself alreeds weldoeners laat noem – vgl. Lukas 22:25).

As jy egter by panenteïsme 'n goeie dosis Darwinisme voeg – soos Wolmarans doen (met dogmas soos die oorlewing van die sterkstes alleen, wat die totstandkoming van hoër vorme van die lewe veroorsaak terwyl die swakker vorme se lot is om uit die natuur verwyder te word) loop jy binnekort die risiko om 'n hoogs plofbare godsdienstige mengsel te kry. Die resep is alreeds die vorige eeu onder invloed van die sosiale Darwinisme, deur die Nazi's bewerkstellig. Herbert Spencer se bekende leuse "survival of the fittest" (wat Darwin enkele jare later oorgeneem het) het aanleiding gegee tot 'n reeks sosiale en politieke teorieë wat kolonialistiese en rassistiese beleidsrigtings bevorder het. Hierdie beleidsrigtings is gekenmerk deur 'n geloof in die kulturele en biologiese meerderwaardigheid van die Angel-Saksiese ras of die Ariërs. Wat die Nazi's betref, was die gevolg hiervan miskien nie "'n kleindorpsmentaliteit" nie, maar wel die verwoesting van die mensdom.

Na aanleiding van hierdie paar gedagtes 'n slotvraag vir ernstige oorweging: het ons, met die denkstroming wat Wolmarans verteenwoordig, met 'n "Nuwe Hervorming" te doen, of eerder met 'n geleidelike – tog duidelike – nuwe verheidensing?